



Vervoer op water Die oudste bote

Graad 4: Geskiedenis



Die oudste bote


Duisende jare gelede het mense **riviere** gebruik vir vervoer. Dit was vinniger om saam met die rivier se stroom te vaar as om langs die rivier te loop. Vlotte, kano's en rietbote is die oudste vorms van watervervoer. Party daarvan word vandag nog gebruik.



Vlotte




Die eerste soort watervervoer was vlotte. Mense het **vlotte** gemaak deur bondels gras, riete of boomstompe aanmekaar te bind. Vlotte dryf by 'n rivier af.



Kano's

Toe mense ontdek dat hout kan dryf, het hulle begin om klein houtbootjies te maak wat **kano's** genoem word. Hulle het die binnekant van houtstompe uitgekap sodat hulle binne-in die kano kon sit. Hulle het pale of roeispane gebruik om die kano deur die water te stoot.




Rietbote

Rietbote was soos kano's wat van riete gemaak was. Mense het riete saamgebund in die vorm van 'n kano. Hulle het binne-in die rietboot gesit en roeispane gebruik om die boot deur die water te laat beweeg.



Seilskepe

Die eerste **seile** is ongeveer 5000 jaar gelede in Egipte uitgevind.
Dit het beteken dat bote deur wind eerder as deur spane of
stokke aangedryf word.



Arabiese Dau's

'n **Arabiese dau** is 'n ou seilvaartuig met een of meer driehoekige seile. Dau's is vir handel gebruik en het van Indië na Afrika gevaar. Vandag gebruik handelaars steeds dau's om met die Ooskus van Afrika langs te seil.



Chinese Jonke

Jonke is ou Chinese seilskepe. Hulle het vierkantige seile uitgedink waarmee skepe nie net saam met die wind nie, maar ook teen die wind in kon vaar. Jonke is aanvanklik vir oorlogvoering en vir handel gebruik.



Karvele

Seilskepe het met die tyd verbeter. Die **karveel** het van die beste eienskappe van die dau's en die jonke oorgeneem. In die laat 1400's het die Portugese 'n klein, ligte seilskepie ontwerp om die kus van Wes-Afrika te verken. Die karvele was baie vinnig en klein en kon baie vinnig draai.



Klippers

Klippers was smal masskepe met baie seile wat baie vinnig deur die water kon beweeg. Handelsmaatskappye in Europa het klippers gebruik om waardevolle goedere soos tee en materiaal (sy) te vervoer wat nie soveel plek soos passasiers nodig gehad het nie. Seerowers het daarvan gehou om klippers te roof, want hulle wou graag hierdie klein en vinnige bote besit.



Britse masskepe (Tall ships)

Masskepe is groot skepe met hoë maste en seile. Masskepe is gebruik om mense en goedere tussen Brittanje en ander lande te vervoer. In hierdie tyd is seilskepe vir internasionale handel en oorlogvoering ter see gebruik. Baie skepe het dikwels in slegte storms omgeslaan.



Stoomskepe

Stoomskepe het mettertyd seilskepe vir vervoer op water vervang. Stoomskepe werk dieselfde as stoomtreine. Hierdie skepe het nie wind nodig gehad om dit vorentoe te laat beweeg nie. Dit beteken dat dit baie vinniger en sterker was. Die bekendste stoomskip in die geskiedenis is die **Titanic** wat in 1912 'n ysberg getref en gesink het.



Kan jy onthou wat elke skip uniek gemaak het?



Daus



Jonke



Karvele




Klippers



Masskepe



Stoom



Ek wil nie
seesiek
raak nie!

